# BOEKBESPREKING/BOOK REVIEW

## APARTHEID: EEN AANZET TOT BEGRIPSBEPALING -

B.J.H. de Graaff (Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut, 2000.) ISBN 90-74-112-19-6 (vi + 134 pp.). (In Suid-Afrika kan dit teen R75 gekoop word by Folmer Boekhandel, Posbus 11607, Queenswood, 0121; telefoon 012-3290031).

Tot op datum het meer as 'n duisend publikasies verskyn wat op een of ander wyse oor die geskiedenis, betekenis of gevolge van apartheid handel. Sedert die ontbanning van die ANC, PAC en ander organisasies in Februarie 1990, soos ook die vrylating van dr. Nelson Mandela, word veral aandag geskenk aan die faktore wat tot die ondergang van apartheid aanleiding gegee het en hoe daar met die gevolge van die beleid van apartheid (en die daarmee gepaardgaande "pigmentokrasie" van bykans veertig jaar in Suid-Afrika) gehandel moet word.

In sy literatuurstudie oor apartheid poog Bart de Graaff om 'n nugtere en feitelike analise van dié ideologie te maak. Hy benader apartheid "van binne" af, met ander woorde vanuit die perspektief van Afrikanernasionalisme, ten einde die faktore te identifiseer wat tot die ontstaan, ontwikkeling en ondergang van apartheid aanleiding gegee het.

De Graaff het die boek in die eerste plek vir belangstellendes in Nederland geskryf en begin daarom met 'n kort oorsig van die ontstaan van die term apartheid (hoofstuk 1). In die volgende hoofstuk word apartheid as uiting van die partypolitieke magstryd binne die blanke gemeenskap in Suid-Afrika in oënskou geneem. In hoofstuk 3 kom die ideologiese aspekte van apartheid aan die beurt, insluitende die rol wat die kerk ten opsigte van rasseskeiding gespeel het, apartheidsteologie, en die sogenaamde verlig-verkramp-stryd. Hoofstuk 4 handel oor apartheid, Kommunisme en die Koue Oorlog en hoofstuk 5 oor apartheid en kapitalisme. In die slothoofstuk word gepoog om vas te stel wat apartheid presies was en daar word onder meer tot die gevolgtrekking gekom dat apartheid 'n unieke tydsgebonde ideologie was, 'n beleid en ideologie wat deur Afrikaners tot buitensporige proporsies opgeblaas is as gevolg van 'n oordrewe liefde vir hulself en dit wat hul as hul eie beskou het (byvoorbeeld taal en land). Volgens De Graaff het die Afrikaners se selfliefde hul blind gemaak vir die sosiale ontwrigting en menslike ellende wat apartheid vir bykans veertig jaar lank veroorsaak het.

Hoewel die boek in die eerste plek op Nederlandse lesers gerig is, kan Suid-Afrikaanse akademici, navorsers, studente en ander persone wat in die twintigste-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika belangstel, dit gerus ook lees. (Die waarde van 'n goeie leeskennis van Nederlands word weer eens benadruk.) Vir sommige Afrikaanssprekendes mag dit 'n onthutsende leeservaring wees, maar alle Suid-Afrikaners móét van hul geskiedenis rekenskap gee, insluitende hul apartheidsverlede. Daarom word die boek sterk aanbeveel - soveel te meer omdat hoewel die skrywer 'n buitelander (en dus "outsider") is, hy Suid-Afrika en die Afrikaner goed ken en met begrip oor die land se omstrede verlede skryf.

**Apartheid: een aanzet tot begripsbepaling** is die negende in die Suid-Afrikaanse Instituut se reeks boeke oor aspekte rakende die geskiedenis van Suid-Afrika. Daar is 311 endnote, 'n redelik omvattende bronnelys, 'n kaart en ses ander illustrasies (insluitende spotprente) en 'n register wat help om die teks te ontsluit.

**ANDRÉ WESSELS**
**Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat**